



Privaatskool Elnatan

Die toekoms van die wêreld is vandag in ons klaskamer.

BELEIDSDOKUMENT: SH04

DISSIPLINÊRE PROSEDURE

EN

DISSIPLINÊRE KODE VIR LEERDERS

| Direksie- / Bestuurslid | Naam en van: | Handtekening van aftekenaar: |
|-------------------------|-----------------|------------------------------|
| Voorsitter: | Hannes Thorburn | |
| Ondervoorsitter: | Louisa Campbell | |
| Skoolhoof: | Tinus Botma | |
| Adjunkhoof: | Johan Adriaanse | |

| | | |
|---------------------------|---------------------------|--|
| Datum goedgekeur: | Augustus 2019 | |
| Goedgekeur deur: | DIREKSIE / BESTUURSPAN | |
| Hersieningsdatum: | Augustus 2022 | |
| Hersien deur: | BESTUURSPAN | |
| Uitgawe: | 2 ^{de} | |
| Verantwoordelike persoon: | SKOOLHOOF | |

INHOUD

| | |
|----------------|----------------------------------|
| Afdeling Een: | Inleiding en Doelwitte |
| Afdeling Twee: | Algemene Gedragskode |
| Afdeling Drie: | Dissiplinêre Optrede |
| Afdeling Vier: | Dissiplinêre Prosedure |
| Afdeling Vyf: | Appèlproses |
| Afdeling Ses: | Kollektiewe Dissiplinêre Optrede |
| Afdeling Sewe: | Dissiplinêre Kode |

AFDELING EEN

1. Inleiding en Doelwitte met Dissipline
 - 1.1 Die skool ondersteun ten volle die beginsel van regverdige en billike dissipline en die konsekwente toepassing van gepaste en korrektiewe dissipline waar nodig.
 - 1.2 Hierdie dissiplinêre kode ondersteun die gedagte van algemene goeie gedrag van leerders en moedig 'n verantwoordelike en self-gedissiplineerde benadering aan, eerder as een gebaseer op vrees. Sou 'n leerder sekere gedragsreëls nie nakom nie, sal korrektiewe maatreëls deur die skool in werking gestel word. Korrektiewe dissiplinêre optrede mag moontlik formele dissiplinêre maatreëls insluit wat daarop gemik is om of 'n herhaling van soortgelyke wangedrag te verhoed of om die opvoeder / leerder verhouding te herstel.
 - 1.3 Die Prosedure en Kode word op skrif gestel en uitgereik om te verseker dat korrektiewe optrede en dissipline op konsekwente, tydige en regverdige wyse toegepas word. Hierdie prosedure word as 'n belangrike faset van die skool se Gedragskode beskou en is op alle leerders van toepassing. Daar moet ook in aanmerking geneem word wat in hierdie dokument vervat word, ook van toepassing gemaak word op die leerder se gedrag buite die normale skoolure indien sodanige gedrag (wat in die openbaar plaasgevind het) 'n negatiewe invloed op die opvoeder / leerder se verhouding mag hê.
 - 1.4 Die handhawing van dissipline en 'n ordelike klassituasie is 'n integrale deel van elke opvoeder se taak. Die verantwoordelikheid berus dus by die Opvoeders en Direksie van die skool om dissipline op 'n effektiewe en 'n verantwoordelike manier in belang van die skool en al die belanghebbendes te laat geskied. Die dokument sal beskikbaar gestel word aan elke Opvoeder verbonde aan die skool asook aan elke leerder en ouer (voog).

Let asseblief daarop dat dit nie die bedoeling van hierdie handleiding is om uitgebreide riglyne t.o.v. alle dissiplinêre verwante sake te verskaf nie, maar eerder om die grondwaardes en beginsels van die skool tuis te bring en te beskerm.

AFDELING TWEE

2. Algemene Gedragskode

2.1 Binne skoolverband het alle opvoeders, ouer (voog) en leerders verantwoordelikhede in die toepassing van dissipline om 'n gesonde onderrigomgewing te verseker, en moet elke party sy / haar onderskeie verantwoordelikheid en rol besef.

2.2 Opvoeders van die skool onderneem om 'n voorbeeld te stel deur:

- a) Stiptelik, goed voorbereid en professioneel die opvoedingsproses te benader.
- b) Leerders se vordering behoorlik te monitor en hulle te motiveer om realistiese en sinvolle persoonlike doelwitte te bereik.
- c) Sensitief vir die behoeftes van hulle leerders te wees en om leerprobleme op 'n positiewe manier aan te spreek.
- d) Leerders lof toe te swaai, aan te moedig en erkenning te gee.
- e) 'n Klasmilieu te skep wat gebaseer is op 'n gesonde onderrigvennootskap wat opvoeding beide relevant en stimulerend maak.
- f) 'n Positiewe, navolgenswaardige voorbeeld vir hulle leerders te stel.
- g) Om korrektiewe dissipline behoorlike en met waardigheid toe te pas.

2.3 Die skool roem daarop om 'n gesonde verhouding te handhaaf tussen leerders en ouers (voog) en opvoeders. Terwyl ouers (voog) van die skool en sy opvoeders kan verwag om die bes moontlike onderrig met behulp van die beskikbare leermateriaal te verskaf en moet ouers (voog) ook verantwoordelikheid aanvaar om die Skool behulpsaam te wees sodat hierdie doelwitte bereik kan word.

2.4 Die ouers (voog/de) onderneem om soos volg op te tree:

- a) Die skool en die opvoeder aktief te ondersteun in al hul pogings om hul kinders te onderrig.
- b) So ver moontlik betrokke te wees by die aktiwiteite van die skool.
- c) Positiewe voorstelle te maak en 'n bydrae te lewer om sodoende die onderrigproses en milieu in die skool te verbeter.
- d) Hulle kinders aan te moedig om sover moontlik by die skool se buitemuurse aktiwiteite betrokke te raak.
- e) Deel te neem aan die onderrigproses deur hul kinders met hulle huiswerk te help, hulle aan te moedig, hulle uitslae na te gaan en met vrymoedigheid aangeleenthede met die skool te bespreek.
- f) Nie van die skool te verwag om in al die behoeftes van sy kind te voorsien nie; met die skool saam te werk om enige gedrag van die leerder wat 'n negatiewe invloed op die onderrigmilieu kan hê te ondervang en aan te spreek.
- g) Seker te maak dat die leerder al die verpligte byeenkomste en funksies bywoon en dat skooltye stiptelik nagekom word.

- h) Om in belang van 'n ordelike en positiewe onderrigmilieu, die skool te ondersteun in die toepassing van die dissiplinêre prosedure.
- 2.5 Die skool erken die reg van elke leerder tot onderrig. Die skool strewende daarna om gepaste opvoedkundige geleenthede aan sy leerders en die gemeenskap te bied. Leerders moet egter ook aanvaar dat hulle 'n verantwoordelikheid het teenoor hulle ouers (voog), die skool, opvoeders en mede-leerders.
- 2.6 In die algemeen het leerders die volgende verantwoordelikhede n.l. (Soos meer volledig uiteen-gesit in die bylae)
- a) Om alle regmatige opdragte en reël van die skool na te kom.
 - b) Verantwoordelik op te tree en nie ander persone se veiligheid en welstand in gevaar te stel nie.
 - c) Om die skool en ander se eiendom te respekteer en op te pas.
 - d) Om goeie verhoudinge met ander by die skool te handhaaf. Om altyd hofflik te wees en die selfbeeld en waardigheid van ander te respekteer.
 - e) Om stiptelik te wees en die amptelike skooltye te gehoorsaam.
 - f) 'n Positiewe ingesteldheid teenoorskoolwerk te openbaar en ywerig te leer.
 - g) Om altyd eerlik en met integriteit op te tree.
 - h) Om 'n geregverdigde straf en dissiplinêre optrede teen hulle te aanvaar as noodsaaklik en as korrektief te beleef.
- 2.7 Die skool het spesifieke reëls en voorgeskrewe gedrag wat van die leerders verwag word. Leerders sal oor hierdie reëls ingelig word en daar sal van hulle verwag word om dit te respekteer en na te volg.
- 2.8 Dit is onmoontlik om alle potensiële oortredings in hierdie handleiding te vervat en hierdie handleiding sowel as die aangehegte kode reflekteer slegs die waardes en beginsels van regverdigde dissipline in breë trekke. Die opvoeder en skoolhoof het die reg om binne die riglyne van hierdie prosedure na goeddunke op te tree.

AFDELING DRIE

3. Dissiplinêre optrede

3.1 Dissiplinêre optrede soos deur die skool toegepas sluit beide informele en formele optrede in. Die mate van straf wat toegemeet word sal afhang van die omstandighede van elke geval, die erns van die oortreding en relevante versagende of verswarende omstandighede wat mag bestaan.

3.2 Die toepassing van dissiplinêre optrede sal aan die opvoeder, skoolhoof en / of tugkomitee 'n diskresie verleen, wat met oorleg toegepas moet word in die beregting van enige klagte.

3.3 Dissiplinêre optrede wat deur die skool oorweeg mag word, sluit onder andere die volgende in: (Dit kan ook 'n kombinasie van onderstaande wees na gelang van die oortreding)

3.3.1 Informele optrede:

- a) Gesprek / Mondeling berispe / Berading deur die Opvoeder / Departementshoof / Adjunkhoof / Skoolhoof
- b) Strafpunte op *Schoolwrite* wat kan akkumuleer
- c) Uitskryfwerk / werk oordoen/hertoets
- d) Skoonmaakwerk op terrein / koshuis / eetsale (bekend as gemeenskapsdiens)
- e) Afneem van selfoon / elektronika

3.3.2 Formele optrede:

- a) 'n Geskrewe waarskuwing
- b) Om die ouers (voog) te kontak en 'n onderhoud met hulle te voer na voltooiing van 'n voorlopige ondersoek deur die skool.
- c) Tydelike skorsing vir 'n bepaalde tydperk uit die klas en / of skool en / of koshuis. Tydelike skorsing kan toegepas word as 'n vorm van korrektiewe optrede na 'n dissiplinêre verhoor. Alternatiewelik as 'n tydelike maatreël soos voorsien in **Afdeling 4** hieronder, hangende 'n formele dissiplinêre verhoor.
- d) Skorsing uit die skool en / of koshuis. Slegs na 'n formele dissiplinêre verhoor en as laaste uitweg in die geval van ernstige of herhaaldelike wangedrag.
- e) Om in gepaste gevalle die leerder en / of ouer (voog) te gelas om die direkte skade wat aangerig is te vergoed.

3.4 Dissipline moet, waar van toepassing, progressief toegepas word. Die herhaalde pleeg van 'n soortgelyke of verwante oortreding sal strenger optrede tot gevolg hê. Dit is veral waar 'n duidelike patroon of neiging in die leerder se wangedrag geïdentifiseer kan word.

- 3.5 Skriftelike waarskuwings / diskrediete wat deur die skool uitgereik word, sal op die leerder se lêer aangebring word. 'n Afskrif van die waarskuwing sal terselfdertyd aan die ouer (voog) verskaf word. Leerlinge wat vir 'n jaar na 'n waarskuwing / tydelike skorsing geen verdere oortreding begaan nie, kan met 'n skoon rekord begin binne die diskresie van die skoolhoof. Die jaar loop oor in 'n volgende skooljaar indien nodig.

AFDELING VIER

4. Dissiplinêre Prosedure

- 4.1 Hierdie afdeling som die dissiplinêre prosedure waarop die skool sal volg waar meer formele dissiplinêre optrede as gepas beskou word.

4.1.1 Oortreding wat deur die opvoeder as minder ernstig beskou word, of wat nie formele dissiplinêre optrede verg nie, kan deur die opvoeder self hanteer word. Sodanige oortredinge word normaalweg nie op die leerder se rekord aangedui nie, maar mag kommunikasie met die leerder se ouer (voog) in gepaste gevalle geskied. Die klasonderwyser moet aantekening hou van die informele dissiplinêre optrede. Die voorgeskrewe vorme van informele optrede of straf word in paragraaf **3.3.1** hierbo uiteengesit en mag deur die opvoeder toegepas word sonder die toestemming van die afdelingshoof of skoolhoof.

4.1.2 Na 'n oortreding wat formele dissiplinêre optrede vereis, sal die betrokke Opvoeder (of enige ander belanghebbende party) die dissiplinêre proses in werking stel deur 'n formele kennisgewing van die klagte uit te reik. Hierdie kennisgewing mag aangevul word deur enige bykomende inligting of verklarings ter verduideliking, aanvulling of ondersteuning van die omstandighede wat op die beweerde oortreding van toepassing is, in te win.

Let daarop dat die kennisgewing op sigself nie 'n waarskuwing of formele dissiplinêre optrede daarstel nie. Die hiervan is slegs om die besonderhede rakende die beweerde insident op te som en om as aanduiding te dien of daar behoefte is aan 'n ondersoek om sodoende te bepaal of formele dissiplinêre optrede vereis word.

- 4.2 Indien dit na die ondersoek vir die opvoeder of afdelingshoof blyk dat die klag van 'n minder ernstiger aard is en dat formele dissiplinêre optrede nie vereis word nie, het die opvoeder of afdelingshoof die bevoegdheid om die informele strafbepalings soos hierbo uiteengesit, toe te pas. Voorlopige skorsing sal verkieslik nie vir 'n periode van langer as vyf (5) skooldae toegepas word voor die verhoor plaasvind nie.

Let daarop dat dit 'n informele ondersoek is en dat voorlopige skorsing of skorsing uit die skool nie op hierdie stadium oorweeg mag word nie.

- 4.3 Wanneer 'n ernstige oortreding hom voordoet, of in die geval van herhaalde minder ernstige oortredings, waar informele dissiplinêre optrede onsuksesvol was, sal kennis van 'n dissiplinêre verhoor aan die ouer (voog) van die betrokke leerder uitgereik word. Hierdie kennisgewing moet voldoende inligting bevat om te verseker dat die ouers (voog) en die leerder behoorlik ingelig is t.o.v. die beweerde oortreding, die erns van

die bewering en dat die skool van voornemens is om tydens 'n formele verhoor die saak te ondersoek.

Die volgende prosedurele voorskrifte sal gevolg word:

- A) Die leerder se ouer (voog) moet minstens 48 uur voor die verhoor skriftelike in kennis gestel word van die tyd, plek en omvang van klagte wat aangehoor sal word. Die kennisgewing sal die vorm aanneem van die voorgeskrewe klagstaat.
- B) Die leerder mag in gepaste gevalle voorlopig geskors word hangende die verhoor.
- C) Die leerder en sy / haar ouer (voog) moet ingelig word dat hulle teenwoordigheid vereis word en dat hulle afwesigheid die leerder se saak kan benadeel en tot gevolg kan hê dat die verhoor in hulle afwesigheid voorgesit en afgehandel sal word sonder dat hulle die geleentheid het om insette te lewer. In so 'n geval kan geen appèl aangeteken word nie.
- D) Die leerder en ouers (voog) moet ook ingelig word t.o.v. die erns van bewerings en die moontlikheid dat formele en streng dissiplinêre optrede kan volg sou die leerder skuldig bevind word op die beweerde aanklag.
- E) Regsverteenvoording by sodanige dissiplinêre verhoor word normaalweg NIE toegelaat NIE, tensy die skool en die ouer (voog) onderling ooreenkom dat BEIDE partye op regsverteenvoording geregtig is.

4.4 'n Formele dissiplinêre ondersoek sal plaasvind onder voorsitterskap van die Skoolhoof of 'n gekwalifiseerde derde party. Die voorsitter by die dissiplinêre prosedure sal die bevoegdheid hê om:

- A) Die leerder skuldig of onskuldig te bevind aan die klag soos in die klagstaat uiteengesit.
- B) Na skuldigbevinding van die leerder 'n geskikte straf op te lê met inagneming van alle relevante, versagtende en verswarende omstandighede. Die strawwe wat opgelê mag word, word voorgeskryf in die formele optrede soos uiteengesit in paragraaf **3.3.2**.

Om te verseker dat 'n billike en regverdige prosedure gevolg word, moet daar aan die reëls van natuurlike geregtigheid voldoen word. Dit sluit in dat beide leerders en ouers (voogde):

- A) Moet die klagte soos vervat in die klagstaat ten volle verstaan voor die verhoorverrigtinge 'n aanvang neem.
- B) Beskik oor alle relevante feite en inligting wat verband hou met die saak.
- C) Die geleentheid gegun moet word om die inligting en bewyse wat aangebied word, te toets en self getuies te ondervra.
- D) Is daarop geregtig om hulle eie weergawe van die gebeure voor te lê, of verduidelikings aan te bied of enige verweer te opper, en waar van toepassing getuies te roep en/of dokumentêre bewyse aan te bied.
- E) Moet deurentyd met waardigheid en respek behandel word.

- F) Moet van die uiters vertroulike aard van die verhoor verseker word.
 - G) Moet van die uitslag van die verhoor skriftelik in kennis gestel word, asook van die straf en die rede vir sodanige straf wat opgelê word.
 - H) Moet van sy reg tot appèl teen die skuldigbevinding en/of strafoplegging ingelig word asook van die reëls van toepassing op die appèlprosedure.
- 4.5 Na afhandeling van die dissiplinêre verhoor, moet die bevinding formeel en skriftelik deur die voorsitter aan die leerder asook die ouer (voog) oorgedra word.
- 4.6 Hierdie skriftelike kennisgewing moet die leerder van sy reg tot appèl inlig en sodanige appèl moet op die voorgeskrewe wyse binne 5 skooldae na die kennisgewing van die bevinding aan die leerder en/of sy ouer (voog) oorhandig is, aangeteken word. Appèl mag slegs aangeteken word indien die ouer die verhoor bygewoon het.

AFDELING VYF

5. Appèlprosedure

- 5.1 Die leerder se ouer (voog) het die reg om appèl teen enige formele dissiplinêre optrede soos deur die skool opgelê, aan te teken in terme van paragraaf 4.6 hierbo, mits die ouer die verhoor bygewoon het.
- 5.2 By die notulering van 'n appèl, moet die leerder en sy / haar ouers (voog) beseft dat daar normaal-weg geen nuwe getuienis gelei sal word by die aanhoor van die appèl nie. Die appèlprosedure sal in wese 'n hersieningsprosedure wees en die gronde vir hersiening wat onder andere in ag geneem word, is die volgende:
- A) Dat die dissiplinêre prosedure soos hierin uiteengesit, nie nagevolg is nie.
 - B) Dat skuldigbevinding nie geregverdig of billik was met inagneming van die bewysmateriaal en getuienis wat by die verhoor aangebied is nie.
 - C) Dat strafoplegging skreiend onvanpas was in die besondere geval met inagneming van al die omstandighede.
 - D) Dat versagende omstandighede nie behoorlik in ag geneem is by strafoplegging nie.
 - E) Dat die voorsittende beampte bevooroordeel was, en/of nie sy behoorlike aandag aan die saak geskenk het nie.
 - F) Die leerder nie die geleentheid gebied is om sy/haar saak na behore te stel nie.
 - G) Dat nuwe en relevante inligting wat tydens die aanvanklike verhoor nie beskikbaar was nie, na vore gekom het en dat hierdie inligting die besluit van die voorsittende beampte sou beïnvloed.
- 5.3 In die geval van leerders wat gekors is hangende die uitslag van 'n dissiplinêre verhoor, sal die skorsing van krag bly totdat die appèlprosedure afgehandel is. In die geval van enige ander formele dissiplinêre straf, word uitvoering van sodanige straf opgeskort hangende die afhandeling van die appèlprosedure.

- 5.4 Appèl word op die voorgeskrewe vorm en binne die voorgeskrewe tydperk skriftelik ingedien by die administrasiekantoor van die skool. Dit sal die gronde van die appèl uiteensit en spesifiek meld of daar teen:
- A) die skuldigbevinding of
 - B) die straftoemeting of
 - C) beide skuldigbevinding en straftoemeting geappelleer word.
- 5.5 'n Herverhoor sal alleen plaasvind in die volgende omstandighede:
- A) waar daar op so 'n wyse van die dissiplinêre verhoorprosedure afgewyk is dat daar nie 'n regverdige en billike verhoor plaasgevind het nie.
 - B) waar nuwe relevante en wesenlike feite na vore gekom het wat volgens die oordeel van die voorsittende beampte tydens die aanhoor van die appèl van so 'n aard is dat dit waarskynlik die bevinding in die verrigtinge sou beïnvloed.
- 5.6 Die Dagbestuur van die direksie sal binne 5 skooldae na ontvangs van die appèl bymekaarkom en besluit of die aansoek tot appèl genoeg waarde dra om die appèl toe te staan. Indien die appèl toegestaan word, word dit verwys na die direksie toe.
- 5.7 Die voorsittende beampte tydens die aanhoor van 'n appèl sal bestaan uit die Skoolhoof en minimum 4 lede van die direksie, tensy die aanvanklike verhoor onder voorsitterskap van die Skoolhoof plaasgevind het, in welke geval die appèl deur minimum vyf (5) lede van die direksie aangehoor sal word.
- 5.8 Die voorsitter sal die bevoegdheid hê om die volgende besluite te neem:
- A) Die appèl te handhaaf.
 - B) Die bevinding van die aanvanklike verhoor te herbevestig.
 - C) Die strafoplegging van die aanvanklike verhoor te bevestig of te wysig.
 - D) 'n Herverhoor in gepaste gevalle te gelas.
- 5.9 Die leerder en ouer (voog) sal skriftelik in kennis gestel word van die uitslag van die appèlprosedure op 'n wyse soortgelyk aan die voorgeskryf in paragraaf **4.6**.
- 5.10 Die uitslag van die appèlprosedure stel die finale stap van die skool se dissiplinêre proses daar.

Afdeling Ses

6. Kollektiewe Dissiplinêre Optrede

- 6.1 Die dissiplinêre prosedure soos hierbo uiteengesit, het hoofsaaklik ten doel om wangedrag van die individu aan te spreek. Beweerde wangedrag deur 'n groep leerders, gewoonlik waar hulle in 'n groepsverband betrokke is of waar die oortreding van kollektiewe aard is, word as kollektiewe wangedrag beskou.
- 6.2 Normaalweg is dit meer suksesvol wanneer kollektiewe wangedrag op 'n kollektiewe grondslag hanteer word. Al die betrokke leerders word by die ondersoek na die

beweerde oortreding betrek. Een dissiplinêre verhoor, met al die leerders en ouers (voog) teenwoordig, kan gehou word.

- 6.3 Dieselfde prosedure, soos vervat in Afdeling Vier, moet in die verband gevolg word. Die individuele leerder moet egter (gedurende of direk na die verhoor) die geleentheid gegun word om te bewys dat sy/haar omstandighede verskil van die van die groep of om te bewys waarom daar in sy/haar geval anders opgetree behoort te word.
- 6.4 Die skool mag daarop besluit om in sekere betrokke gevalle die ondersoek of verhore t.o.v. die individuele leerders te skei. Die skool behou die reg voor om in individuele of kollektiewe prosedures te volg. Enige verskille in die uitslag of opgelegde strawwe wat aan die betrokke leerders van 'n groepsinsident opgelê word, moet deur die skool geregverdig kan word indien dit vereis word.

AFDELING SEWE

7. Dissiplinêre Kode

- 7.1 Die skool se Dissiplinêre Kode vir leerders (soos hierby aangeheg) word beskou as 'n riglyn vir opvoeders, afdelingshoofde en die skoolhoofde.
- 7.2 Dit dui die maksimum dissiplinêre sanksie aan wat gewoonlik van toepassing is op die onderskeie oortredings of wangedrag van die leerders. Soos reeds aangedui, kan die versagende omstandighede van 'n bepaalde geval 'n ligter straf regverdig, of die verswarende omstandighede van vorige / herhalende oortredings in sekere gevalle 'n swaarder straf regverdig.
- 7.3 Die Kode is nie bedoel om 'n alomvattende lys van oortredings te wees nie, maar eerder om verteenwoordigend te wees van die goeie gedrag wat die leerders verwag word en die erns waarmee die gebrek aan sodanige goeie gedrag bejeën sal word. Dit is bloot uitgekristalliseerde voorbeelde van die toepassing van die skool se algemene dissiplinêre reëls.
- 7.4 Let daarop dat die Kode voorsiening maak vir progressiewe dissiplinêre optrede d.w.s. strengere optrede wanneer minder ernstige oortredings by herhaling sou voorkom.
- 7.5 Elke dissiplinêre word op meriete hanteer en dit kan gebeur dat die tugkomitee besluit om sekere fases oor te slaan na gelang van die graad van die oortreding.

AFDELING AGT

8. Tydelike Skorsings

- 8.1 Die leerlinge sal tydens 'n tydelike skorsing die gronde van Privaatskool Elnatan verbied word.
- 8.2 Geen akademiese- of sportgeleenthede mag tydens 'n skorsingstydperk bygewoon word nie, hetsy dit op Elnatan skoolgrond of by 'n ander sportgrond/instansie plaasvind.

- 8.3 Skorsings tydperke kan wissel van 5 to 20 dae na gelang van die erns van die oortredings.
- 8.4 Daar is nie vasgestelde skorsings dae vir spesifieke oortredings nie, elke saak word individueel en op eie meriete hanteer volgens verswarende en versagende omstandighede.
- 8.5 Leerlinge sal geen punte ontvang vir enige informele- sowel as formele assesserings wat hulle gedurende die skorsingstydperk mis nie. Uitsonderings rakende eksamens mag wel deur die bestuurspan gemaak word.
- 8.6 Geen onderwysers sal vir 'n geskorsde leerling van huiswerk voorsien, of help om agterstallige / gemisde werk in te haal of te verduidelik nie. Onderwysers sal ook nie werk van die geskorste leerlinge wat tydens die skorsings tydperk gedoen is, merk nie. Dit is die geskorste leerling se eie verantwoordelikheid om verlore werk en huiswerk in te haal en op datum te bly. Hulle mag wel klasmaats kontak om hulle hiermee te help.
- 8.7 Alle tydelike skorsings gaan gepaard met 'n finale waarskuwing, en enige verdere dissiplinêre oortredings sal dus dadelik as ernstige oortredings hanteer word, wat tot permanente skorsing kan lei.

| Gedragsreëls | Beweerde wangedrag of oortreding | Aanbevole maksimum dissiplinêre optrede | | |
|---|---|---|--------------------------------|---|
| | | 1ste oortreding, | 2de / herhaalde, | 3de oortreding |
| Leerders sal die opdragte en die reëls van die skool gehoorsaam | Opsetlike verontagsaming van opdragte. | Waarskuwing | Waarskuwing / Gemeenskapsdiens | Ouers word gekontak / Voorlopige skorsing |
| | Oneerbiedige optrede teenoor ouer persone, opvoeders, ouers en / of besoekers. | Waarskuwing | Waarskuwing / Gemeenskapsdiens | Ouers word gekontak / Voorlopige skorsing |
| | Haarstyl, kleredrag en voorkoms wat nie in ooreenstemming is met die skool se voorgeskrewe standarde nie. | Waarskuwing | Waarskuwing / Gemeenskapsdiens | Ouers word gekontak / Voorlopige skorsing |
| | Gedrag in die openbaar of by funksies wat die skool in 'n swak lig stel. | Waarskuwing | Waarskuwing / Gemeenskapsdiens | Ouers word gekontak / Voorlopige skorsing |

| | | | | |
|---------|---|---|--------------------------------------|--|
| Vervolg | Fiets- of skaatsplankry op die skoolgrond of waar dit verbode is. | Waarskuwing | Finale waarskuwing /gemeenskapsdiens | Hoof: Ouers kontak / voorlopige skorsing |
| | Gedrag wat normale skoolaktiwiteite versteur of ontwrig. | Waarskuwing | Finale waarskuwing | Hoof: Skorsing uit die skool |
| | In besit wees van alkohol, dwelms of enige ander afhanklikheidsvormende stof, of sodanige middel versteek, voorsien of gebruik op die skoolgrond of gedurende skoolfunksies, byeenkomste en / of – toere. | Ouers kontak / voorlopige skorsing | Hoof: Skorsing uit die skool | |
| | Onder die invloed wees van alkohol, dwelmmiddels of enige ander verbode middels. | Ouers kontak Berading Voorlopige skorsing | Hoof: Skorsing uit die skool | |
| | Rook of in besit wees van sigarette op die skoolgrond of tydens skoolbyeenkomste en -uitstappies | Ouers kontak Finale waarskuwing Berading | Skorsing | |

| | | | | |
|---|--|--------------------------------------|--|------------------------------|
| Leerders sal die skool en ander se eiendom oppas en respekteer. | Kwaadwillige beskadiging van skoleiendom en -toerusting: vandalisme | Finale waarskuwing. | Hoof: Ouers kontak / voorlopige skorsing | Hoof: Skorsing uit die Skool |
| | Opsetlike verkeerde of wederegtelike gebruik van skoleiendom of die eiendom van ander persone. | Waarskuwing en vergoeding van skade. | Hoof: Ouers kontak / voorlopige skorsing | Skorsing uit die Skool |
| Leerders sal verantwoordelik optree en nie die veiligheid en | Gevaarlike, ruwe spel | Waarskuwing | Finale waarskuwing | Skorsing uit die Skool |

| | | | | |
|--|--|------------------------------------|------------------------------------|------------------------|
| welstand van ander in gevaar stel nie. | Bakleiery, aanranding of afdreiging van ander nie. | Waarskuwing | Finale waarskuwing Kontak ouers | Skorsing uit die Skool |
| Veiligheid van leerlinge | Vuurwapen of enige gevaarlike speelgoed. | Finale waarskuwing Kontak ouers | Skorsing | |

| | | | | |
|---|--|---|---|-------------------------|
| Leerders sal goeie verhoudinge met almal by die Skool handhaaf, altyd hoflik wees en die eiewaarde en waardigheid van ander respekteer. | In besit wees van pornografiese of enige ander onwelvoeglike materiaal. | Ouers kontak / voorlopige skorsing. Berading | Skorsing uit die Skool | |
| | Vloek en onwelvoeglike of beledigende taalgebruik. | Waarskuwing | Ouers kontak / voorlopige skorsing. Berading | Skorsing uit die Skool. |
| | Kwaadwillige tergering van ander. | Waarskuwing | Ouers kontak / voorlopige skorsing + berading | Skorsing uit die Skool. |
| | Die speel van onwelvoeglike of verkleinerende speletjies. | Waarskuwing | Waarskuwing | Kontak ouers |
| | Onbeskofte, parmantige of oneerbiedige gedrag teenoor opvoeders of ander persone | Berading PLUS waarskuwing | Ouers kontak/ Voorlopige skorsing | Skorsing uit die skool. |

| | | | | |
|-----------|--|--|--------------------------------------|----------|
| (vervolg) | Intimidasie / Viktimisasie | Waarskuwing | Finale waarskuwing. Kontak ouers. | Skorsing |
| | Onsedelikheid, seksuele teistering of seksueel eksplisiete gedrag op die skoolgrond, by skoolbyeenkomste of met persone verbonde aan die | Skorsing uit die Skool. Kontak die ouers. | | |

| | | | | |
|---|--|-------------|--------------------|--|
| Leerders sal stiptelik wees en die amptelike skooltye gehoorsaam. | Skool. Swangerskap / aborsie | | | |
| | Afwesigheid van 'n lesperiode sonder verskoning. | Waarskuwing | Finale waarskuwing | Hoof: Ouers kontak / voorlopige skorsing |
| | Verlaat die skoolgrond sonder toestemming | Waarskuwing | Finale waarskuwing | Hoof: Ouers Kontak / voorlopige skorsing |
| | Aanhoudende laatkommery. | Waarskuwing | Finale waarskuwing | |

| | | | | |
|---|---|-------------|--------------------|------------------------------------|
| Leerders sal 'n gewilligheid openbaar om met ywer hard te leer. | Weier om huiswerkopdragte en take te voltooi. | Waarskuwing | Finale waarskuwing | Ouers kontak / voorlopige skorsing |
| | Onredelike weiering om aan skoolaktiwiteite deel te neem of om skoolbyeenkomste by te woon. | Waarskuwing | Finale waarskuwing | Ouers kontak / voorlopige skorsing |

| | | | | |
|---|--|---|--|----------|
| Leerders sal ten alle tye eerlik en met integriteit optree. | Kullery, afskryf en knoeiery met toetse, rapporte en werksopdragte. | Toetspunt nil. Waarskuwing. Kontak ouers. | Finale waarskuwing. Toetspunt nil. Kontak ouers. | Skorsing |
| | In besit wees of verspreiding van materiaal wat 'n onregverdige voorsprong in 'n toets of eksamen kan gee. | Toetspunt nil. Waarskuwing. Kontak ouers. | Finale waarskuwing. Toetspunt nil. Kontak ouers. | Skorsing |
| | Omkopery of bedrog | Ouers kontak /voorlopige skorsing | Hoof: Skorsing uit die Skool. | |
| | Vervalsing van dokumente of handtekeninge. | Voorlopige skorsing | Hoof: Skorsing uit die Skool. | |